

Met goeie isolasie teen die elemente hoef jy nie meer koue óf hitte te trotseer nie



Winters knus, SOMERS KOEL

JY BESTEE hope tyd en geld aan jou huis, want dis jou grootste bate en jy is trots daarop. Maar dink jy ooit aan isolasie vir jou huis en hoe dit jou lewensgehalte kan verbeter?

Het jy geweet dat jou plafon die grootste enkele faktor in jou huis is wat in die winter tot hitte-verlies lei en in die somer weer die hitte binnehou?

Deur jou plafon korrek te isoleer met 'n gehalte-produk, kan jy temperatuurwisselings in jou huis soveel beter beheer sodat dit heerlik koel in die somer en lekker knus in die winter is. Terselfdertyd sal jy minder elektrisiteit gebruik omdat jy nie meer lugreëlaars, verwarmers en waaiers nodig het nie.

Maar watter produk moet jy kies? Daar is 'n groot verskeidenheid op die mark en dis maklik om verward te raak. Praat gerus met jou verbruikerskampvegter Cashbuild, waar jy twee gehalte-produkte sal aantref: Think Pink deur Aerolite en Isotherm.

Think Pink bied uitstekende beskerming teen temperatuurwisseling en help terselfdertyd keer dat klank in jou vertrekke eggo.

Boonop is die produk roes- en muffbestand en geensins giftig nie en dus veilig vir jou en jou gesin. Die saamgeperste verpakking maak dit maklik om die rol gemaklik deur die valdeur na jou plafon te neem.

Think Pink is deur die SABS getoets en aanbeveel as 'n brandvaste produk met 'n klas 1-brandgradering. Dit is beskikbaar in rolle van 10 m x 2,3 m. Elke rol bedek 12 m².

Isotherm, 'n 100 persent mensvriendelike dakisolasiestruktuur, het soortgelyke eienskappe as Think Pink. Dis ook onbrand-

baar, nie-allergenies en 100 persent omgewingsvriendelik. Dit is beskikbaar in rolle van 10m x 0,75 m. Elke rol bedek 7,5 m².

Isotherm-dakisolasie het 'n sagte tekstuur sonder los vesels en is ook maklik om te hanteer. Jy het nie beskermende klere nodig wanneer jy dit installeer nie, want die produk veroorsaak nie 'n geuek nie.

Dit verweer ook nie met verloop van tyd nie en bied weerstand teen kondensasie en die swamme en bakterieë wat in klam omstandighede kan floreer.

Hoe dikker die isolasie, hoe minder is die temperatuurwisseling – die sogenaamde wisselingweerstandswaarde, wat tegnies as die R-waarde bekend is.

Cashbuild hou Think Pink in 50mm- en Isotherm in 40mm-diktes aan en hierdie dikte-reeks verskaf genoeg isolasie vir 'n huis van gemiddelde grootte.

Think Pink en Isotherm is op

bestelling ook in verskillende diktes beskikbaar.

En omdat dit so maklik is om te installeer, kan jy dit sommer self doen.

Hierdie belegging is beslis die moeite werd.

INSTALLERINGSWENKE

■ Kies die regte isolasierol nadat jy die afstand tussen die balke akkuraat gemeet het. Sny die produk volgens die regte grootte voor jy die dakruimte binnegaan. Dit kan maklik gedoen word deur die isolasie met 'n industriële skêr te sny of te skeur.

■ Moenie op die plafonpaneel loop nie, net op die dwarsbalke.

■ Plaas die produk bo-op en sona as moontlik aan die plafon. Maak seker dit pas netjies tussen die dakbalke en stutte.

■ Druk die punte van die rolle styf teen mekaar om deurlopende isolasie te verseker.

■ Los 'n spasie van sowat

150 mm rondom dakwaaiers en gesonke ligte.

■ Draai jou geiser en waterpype met isolasieprodukt toe om nog meer elektrisiteit te spaar

■ Gebruik die afvalstukkie om hoeke, spasies en skeure te vul.

■ Moenie ventilasiepunte bedek nie en ook nie die ruimte tussen die ventilasieblokke en die deel van die dak wat oorsteek nie.

■ Isolasiestruktuur moet nooit raak aan metaal-skoorstene of pype wat deur die plafon loop nie.

■ Moenie vergeet om isolasiestruktuur materiaal onder jou geiser en bo die valdeur te plaas nie.

Bel die Cashbuild-hulplyn by 0860-100-582 vir nog inligting. □

Cashbuild
GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYS
175 Winkels en steeds aan die groot deure deur Suid-Afrika

HET JY GEWEET?

■ Het jy geweet jy kan vir die "Home Account" van Nedbank by Cashbuild aansoek doen? Bepalings en voorwaardes geld.

■ As jy jou isolasie korrek installeer, behoort die belegging binne drie jaar afbetaal te wees deur die bedrag wat jy aan elektrisiteit sal bespaar.

■ 'n Huis wat vir die eerste keer geïsoleer

word, sal 20 tot 23 persent koeler in die somer en 40 – 70 persent warmer in die winter wees.

■ Wanneer jou isolasiemateriaal eers in is, hoef jy dit nooit daarna te onderhou nie.

■ Cashbuild, Suid-Afrika se grootste boumateriaalhandelaar, waarborg die laagste pryse en verskaf gratis plaaslike aflewering.

